DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

11 Julie 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**EREDIENS** **Geen erediens agv die Covid inperking.**

**Skriflesing** 2 Korintiërs 12: 1 – 10 (7—10)

**Tema** God se doel met pyn.

In tye van swaarkry en beproewings vra ons gereeld: Waarom? Hoekom? Ons verstaan nie altyd hoekom slegte dinge met ons gebeur nie, hoewel ons glo dat God met alles 'n doel het. Die Bybel praat van God se doel in Paulus se pyn. Wat was Paulus se pyn? In 2 Kor 12:7 sê Paulus dat 'n doring in die vlees aan hom gegee is, 'n boodskapper van Satan om hom met vuiste te slaan. Paulus sê nie hier wat die doring in die vlees was nie, net dat 'n doring in die vlees aan hom gegee is. Ons weet nie wat die aard van Paulus se pyn was nie, moontlik liggaamlik én geestelik. Behalwe vir die doring in die vlees, wat ons nie presies weet wat dit was nie en praat die Bybel van die pyn wat Paulus beleef het, toe hy hier geskryf het. Hy was bedreig en aangeval deur vyande. Sy integriteit is bevraagteken, sy eerlikheid is betwis, sy gesag is uitgedaag en sy prediking is verwerp – en dit alles deur vals leraars wat na die kerk in Korinte gekom het met een doelwit, naamlik om skeuring dwaling te verkondig. Om 'n gehoor te kon kry, moes hulle die mense se vertroue in Paulus vernietig. Paulus was die stigter, maar die herder en leraar twee jaar daar en hy het vir hulle geskryf en vir hulle gebid. Hy het 'n groot invloed in lidmate se lewens gehad. Daarom het die vals leraars, begin met 'n veldtog om Paulus se integriteit te vernietig. Hulle het 'n klomp leuens oor hom versprei. Die hartseer is dat van die lidmate die vals leraars geglo het.

Paulus skryf die brief om sy apostelskap en bediening te verdedig. Behalwe hiervoor het Paulus in sy bediening ook baie ontberings deurgemaak. Ons lees daarvan in 2 Kor 11. Hy gee 'n lang lys van ontberinge om die evangelie te verkondig. Behalwe die fisiese ontberinge was daar nog die daaglikse besorgdheid oor al die gemeentes. Dit is een saak om fisies pyn te ervaar, maar dit is 'n ander saak om sielepyn te hê. Die diepste pyn kom juis op hierdie vlak, op die vlak van verhoudings met ander mense.

Gereeld was mense wat hom teleurgestel het, mense wat hom verwerp het, mense wat teen hom gedraai het, mense wat hom gefaal het, mense wat hom verkeerd verstaan het. In v 15 sê hy: “Ek sou graag alles wil gee vir julle lewe, ja, ook myself. As ek julle soveel meer liefhet as wat die ander julle het, het julle my dan minder lief as vir hulle?” Dit vertel van die pyn dat hulle hom nie so liefgehad het nie, die pyn dat hulle na die vals leraars geluister het. Ja, behalwe vir ons persoonlike skuld, is die grootste pyn wat na ons toe kan kom, die pyn van verhoudings en wat mense ons aandoen. Geen siekte is so seer nie. So hier is Paulus in sy seerste seer, gewond deur mense, gewond deur die gemeente wat die dwalinge geglo het, met ‘n doring in die vlees wat hom pynig.

Paulus leer ons 4 belangrike sake:

1. God gebruik sy pyn om hom nederig te hou. Lees v 7: “Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ‘n doring in die vlees gegee, ‘n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan.” Paulus was ‘n besondere apostel, hy was geroep vir ‘n besondere taak, hy het ‘n besondere posisie beklee. God het hom op ‘n besondere wyse gebruik en hy het besondere openbarings van God af ontvang. Dit kon hom hoogmoedig gemaak het. God gee aan hom ‘n doring in die vlees om hom nederig te hou. As God só in Paulus se lewe gewerk het, kan Hy in jou lewe dieselfde doen. Hy gebruik pyn en swaarkry om ons nederig te hou. Daarom, geliefdes: Sê vir God dankie vir dit wat jou nederig hou.

2. God gebruik Paulus se pyn om hom nader te trek. Ons lees in v 8: “Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word.” Hy het volhardend gebid oor die saak. Die belangrike ding is dat hy na God toe gegaan het. Is dit nie wat swaarkry baie keer in ‘n mens se lewe doen nie? Dit laat jou bid. Pyn en swaarkry het ‘n positiewe uitwerking op ons gebedslewe. Dit is wanneer ons swaarkry dat ons teruggaan na God toe. Meestal bring goeie tye en voorspoed ‘n negatiewe uitwerking op ons gebedslewe. Ons dink dan ons kan self. Dan vergeet ons die Here. Ons bely dat ons in voorspoed dankbaar moet wees en in teëspoed geduldig. Soms is dit moeiliker om in voorspoed dankbaar te wees as om in teëspoed geduldig te wees. Teëspoed laat ons teruggaan na die Here toe. Swaarkry verdiep ons gebedslewe.

3. God gebruik Paulus se pyn om Sy genade te wys. Lees v 9: “Sy antwoord was: ‘My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.’” God gebruik Paulus se pyn om Sy genade konkreet vir hom te wys.

Wat ‘n seën! God vat nie die pyn of die swaarkry weg nie, maar wys en laat hoor Sy genade. In Joh 1:16 staan daar dat ons genade op genade ontvang. God het verligting vir Paulus se pyn gegee, maar nie verligting deur die pyn en ongemak weg te vat nie. God gee verligting deur genade in oorvloed te gee. In die donkerste tye ervaar ons God se genade en vrede tydens worsteling en ervaar ons die rykdom van God se genade. God belowe nie ‘n sorgvrye lewe nie, maar Hy belowe oorvloedige genade.

4. God gebruik Paulus se pyn om Sy krag tot volle werking te laat kom. Lees v 9b: “My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” God sê dat jy net sterk in die geloof kan wees, as jy in jouself swak is. God se krag kom tot volle werking, wanneer ons swak is. Dit is hoekom die Here vir Paulus swak gemaak het deur die doring in die vlees, sodat nie Paulus se krag nie maar God se krag tot volle werking kon kom. Die pyn wat jou nederig hou, wat jou na God toe trek en wat God se genade wys, is ook die pyn wat God se krag tot volle werking laat kom. Dit is wanneer jy op die einde van jou eie planne en jou eie middele en jou eie vermoëns is, wat jy sterk is. Solank ons nog op onsself staatmaak of op ons brein, geld of eie idees en planne, sal jy nie sterk word in die Here nie.
Wat is God se doel in ons pyn? Waarom en hoekom moet ons pyn ervaar? God kan dit op baie maniere doen. Lees weer die boek Job. In 1 Pet 1:6-7 leer ons dat pyn die egtheid van ons geloof toets en dat pyn ook ons geloof kan suiwer. Jakobus 1: 2-4 sê dat pyn volharding bevorder en dat dit lei tot geestelike rypheid. Romeine 5:3-5 leer ons dat swaarkry volharding kweek en dat volharding egtheid van geloof kweek en dat egtheid van geloof hoop kweek en dat dié hoop nie beskaam nie, omdat God sy liefde in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. ‘n Rykdom van openbaring oor God se doel in ons pyn.

Lees v 9-10: “Daarom sal ek liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.” Paulus is bly oor sy pyn. Hy het beweeg van hartseer oor sy pyn na vreugde oor sy pyn. Hy weet dat Christus reeds vir al ons sondes ten volle betaal het. Ons pyn is nie straf vir ons sonde nie. Daardie straf is aan die kruis gedra vir al die sondes wat ons gedoen het en nog gaan doen. Die Heilige Gees bevestig dat God alles ten goede vir ons laat meewerk. Ook in en deur die inperking tydens die pandemie. Mag die Here ons vashou en lei en mag ons hemelse visie kry om die goddelike doel daarmee te aanvaar. Amen.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here vir die genadevoorreg dat ons as gesin reeds 15 jaar deel van die geloofsgemeenskap van Pietersburg kan wees. Ons sê baie dankie vir al die liefde wat ons van julle ontvang het. Julle het ons gedra in moeilike tye en ons versterk deur vir ons en saam met ons te bid. Ons dank die Here dat hy ons steeds hier gebruik. Ons bid vir almal die seën van die Here toe in die besondere tyd en omstandighede waarin ons nou verkeer. Mag ons barmhartige God ons gemeente vashou en in die geloof bewaar. Ons dank ons hemelse Vader vir elke broer en suster wat saam met ons werk om die Blye Boodskap hier te verkondig en die gemeente in stand te hou. Mag die Here ons die toekoms inneem om steeds Sy wil te doen. Baie dankie.

* Ons bid vir Gerhard en Martie Maritz. Martie het positief getoets en Gerhard het newe-effekte na die operasie. Mag die Here julle huis seën en deur die tyd dra en bewaar.

* Wees asseblief veilig en hou by die basiese reëls!!

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 11 Jul | Ansie Roets | 67 | B | 072 033 9420 |
| Ma 12 Jul | ***Rita Du Plessis ***** | ***83*** | B | 079 109 9499 |
| Wo 14 Jul | Adriaan Van Der Walt | 67 | B | 082 900 7453 |
| Do 15 Jul | Hardus Reinecke | 29 | B | 079 690 5130 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 14 Jul 2011 | Wynand & Louisa Van der Walt | 10 | 078 176 0964<br>078 965 8226 |

# BASUIN PLASING

As enige lidmate ‘n betroudare bediende soek (Woensdae beskikbaar) kan hulle die kerkkantoor skakel.

## DATUMS OM TE ONTHOU

Lidmate moet asb kennis neem dat daar tans **GEEN** Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal weer later hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

## DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.

Die diakonie is dringend opsoek na 'n **nebulizer**. As enige van ons lidmate 'n nebulizer het wat nie gebreuk word nie, word hulle versoek om dit asb aan die diakonie te skenk.


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir die bazaar in Augustus. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.


Die diakonie verkoop weer wildsvleis :

**Maalvleis : R 71.43.00 / kg**
**Braaiword : R 85.71 / kg**
**Biltong : R 142.86 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : R 100.00 / pastei**


Ondersteun hulle asb hierdie projek van die diakonie en teen die prys ***KAN*** niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R 60 000.00
R 50 000.00
R 40 000.00
R 30 000.00
R 20 000.00
R 10 000.00
R -
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 36 064.00
R 27 227.60
JUN
R 12 430.00
R 32 103.94
INKOMSTE

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.*

2 Korintiërs 12 : 8 & 9



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS